**Ons moet onsself paraat maak teen dwaling!  Is die doop belangrik of nie?**

Baie misleidende geeste het in die wereld uitgegaan (1 Jn 4).  Maar ons het genoegsaam in die Nuwe Testament om ons te kan vergewis van eerste eeuse apostoliese waarheid.

Diegene wat graag vertroud wil raak met saligheid, bekering, wedergeboorte en die baie belangrike doopbelydenis, kan gerus die volgende boek lees:

Doopkwessies

www.housealtarnetwork.com

Gaan na Christian Jewish Studies en "Belydenisse binne die Christendom",  dan  na C-0006  vir die aanbevole boek  en laai dit GRATIS af.

As jy nogsteeds onder die indruk is dat die doop nie belangrik is nie en dat hierdie onderwerp verouderd is, maak jy `n groot fout want die doop bemagtig ons juis om deel van die Liggaam van Jesus te kan wees. Daarsonder, dit is sonder om die doop te ondergaan, is daar geen behoudenis in Christus nie (Rom. 4.5).

As jy wonder waarom ons wat tot kennis in Christus gekom het, ons moet "bekeer" en dan "laat doop", is hierdie boek jou antwoord. En die baie belangrike, kontroversiele vraag bly tot vandag toe:  Waarom het Petrus in die Naam van die Messias gedoop?  Het Petrus inderdaad gedwaal soos wat baie al in die verlede aangevoer het, selfs teoloe? En moet Petrus se doop deur Mattheus se voorskrif gelees word (`n algemene Pentekostalistiese standpunt)?

As jy enigsins sou  wonder waarom hooflyn Protestatisme verskil van die Pentekostalistiese tradisie, kan jy gerus hierdie boek aflaai en dit begin lees.

En as jy wonder wat die sogenaamde  Protestantse "Verbondskinders" is en wat die "Nuwe Israel" tot vandag toe vir miljoene beteken, sal jy jou antwoorde in hierdie geskrif ontdek.

As jy wonder waarom "kinderbesprenkeling" geregverdig word en op watter teologiese  gronde dit eintlik  funksioneer, is hierdie boek noodsaaklike leesstof vir jou.  En  as jy sou skrik vir `n "teologiese perspektief": Dit was  immers die teoloe wat deur die eeue heen die doktrinale  beleid neergele het!

Waarom was die "bekeringsboodskap"  so sterk gedryf deur die Pentekostalisme teenoor die Protestantisme wat juis hulle getalsterkte in geboortelike aanwas vasmaak : Ouers dra die saligheidsboodskap oor aan hulle kinders en hulle  staan ook in vir hulle kinders ten opsigte van God se Saligheidsplan,  teenoor die Pentekostalistiese tradisie wat, eg bybels, die bekeringsboodskap bring, selfs aan kinders wat uit gelowige ouerhuise kom,  net soos wat Petrus dit na die uitstorting van die Heilige Gees inderdaad uitgedra het.  Hoe verskil die Protestantisme dan met betrekking tot hierdie saak van die Pentekostalisme en die Charismatiese doopleer?

Kan ouers dan ooit vir hulle kinders instaan met betrekking tot hulle saligheid of moet die kind hom self, sodra hy kognitiewe rypheid van gees bereik het, bekeer en laat doop?   Lees hierdie boek vir goeie insig met betrekking tot hierdie uiters belangrike kwessie.

Het die doop in die plek van die besnydenis gekom en waarom word die kinderbesprenkeling in die Protestantisme geregverdig?  Vind jou antwoord in hierdie boek.

Wat is die "Merkteken van die Bees?" (the Mark of the Beast) en wat in die algemeen as `n definitiewe merk aan die hand en die voorkop deur tradisionele, selfs Pinkster en Charismatiese predikers aan die wereld voorgehou word? Was die baie belangrike doop deur Katolieke asook Protestantse leraars doelbewustelik skeefgetrek en net om by Calvyn en Luther se persepsies in te kon pas? Waarom word die baie belangrike doop dikwels minder belangrik gemaak, as byvoorbeeld die sogenaamde inplanting van voorwerpe, ook tekens aan die hand en die voorkop sonder om werklik tot die besef te kom dat satan ons eintlik op hierdie wyse, dit is om ons te steur aan sensasionele stories, mislei.

Op hierdie wyse lei hy eintlik ons aandag weg van die baie belangrike doop - `n stap wat ons inlyf in die Liggaam van Jesus en wat ons dan inderdaad toegang tot God se Koninkryk gee. Maar is dit nodig om "reg" gedoop te word as ons enigsins aanspraak op saligheid wil maak - dit is om te kan erf by Jesus se terugkeer ? Vind jou antwoord hier of ontdek ten minste `n leidraad wat jou kan help om lig op jou pad te kry.

Wat is die belangrikheid van die doop in enige gelowige se lewe en hoe was dit in die Baaldiens gehandhaaf? Is die doop belangriker as om byvoorbeeld net te bely dat jy in Christus glo? Jy sal weereens in hierdie boek jou antwoord kry.

Waarom word kinderbesprenkeling geregverdig sodat dit selfs verkondig word dat dit die grootdoop kan vervang? Raak vertroud in hierdie boek met die vele fasette van doop en saligheid vervleg rondom die doop.

Wat is die Protestantse teologiese perspektiewe oor doop? Kry weereens die antwoord hier.

Waar en hoe pas erfsonde in die gelowige se lewe en hoe was dit skeefgetrek deur die vroegste post-apostoliese segspersone? Jy kry weereens goeie antwoorde hier.

Moet ek my laat doop? En hoe kan ek seker maak dat ek my nie hoef te steur aan allerlei sensasionele boodskappe en waarby ek eintlik niks sal baatvind nie.

En, net om te sien hoe baie wat Jesus in die egtheid van die Woord gebring het, vervolging moes ly terwille van Skrifwaarheid, was daar `n aantal getuienisse bygewerk interessantheidshalwe.

So jy het geen verskoning meer nie. Lees hierdie boek en ontdek vir jouself die waarheid en waarom die doop na bekering moet volg in plaas daarvan om staat te maak op surrogaat (ouerlike) geloofsbelydenisse.

En die belangrikste, geykte vraag word ook beantwoord, naamlik: "Sal elkeen volgens sy eie geloof in die saligheid kan deelneem?

Nota: Ek wil net graag die aandag vestig op my verwysing na die Joodse dieetwette. Wat ek hier bedoel het, is nie dat God se rein en onreinvoorskrifte ten opsigte van voedselprodukte nie meer geld nie. Wat ek bedoel is al die ekstra rabbynse voorskrifte wat daaraan geheg word. Ek handhaaf en aanvaar wat in die Torah (die vyf boeke van Moses) ingeskryf is as onwankelbare waarheid. Ek sal weer op `n stadium skryf oor hoe wesentlik Christus se koms Sy Koninkryk, gebaseer op die liefdesgebod ingelui het ("`n Nuwe gebod gee ek vir julle dat julle mekaar moet liefhe....") en hoedanig die Nuwe Testament met sy besondere apostoliese waarheid hierdie nuwe Godsryk tot stand gebring het - wel nie hiermee bedoelend dat God Israel as Sy voortdurende (!) Verbondsvolk ooit tot niet verklaar het nie want dan sou ek die "Vervangingsteologie" (Replacement Theology) verkondig het, wat nie die geval is nie.

Luister ook gerus na Arie se nuwe reeks oor die Messias van Israel en waarvan die eerste aflewering alreeds op hierdie vlog verskyn (dit is met betrekking tot sy jongste video oor hierdie besondere saak). Hoe meer ons kan vertroud raak met die Ou sowel as die Nuwe Testament, des te beter sal ons ons saligheid in Christus kan vasmaak! Paulus verklaar met baie goeie rede: "Ek slaan nie in die wind nie, ek het `n seker saak!"

.

Ester Blomerus